

29 April

Skrifgedeelte: Matteus 6:5-15 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 6:9-13

HK, Vraag 119

Jesus leer ons bid

Die Onse Vader is sekerlik een van die eerste gebede wat ons ouers ons leer bid het. Ons wil vandag oor die Onse Vader as 'n geheel nadink en daaruit enkele riglyne vir ons daaglikse gebede aflei.

Lees ons die Onse Vader deur, sien ons hoe die hele gebed op God toegespits is. Elke sin is tot ons hemelse Vader gerig. Elke sin straal van ootmoed en nederigheid, afhanklikheid van God en 'n kinderlike vertroue in ons hemelse Vader. God word in die hele gebed erken as God en in die hele gebed word Hy verheerlik.

Die Onse Vader is verder 'n kort gebed. Bid jy die gebed redelik stadig neem dit jou ongeveer 35 sekondes. Daar is baie langer gebede in die Bybel. Jesus se gebed in Johannes 17 is ongeveer vyf keer so lank as die Onse Vader. Daar is baie korter gebede in die Bybel. Dink aan die tollenaar se gebed in Jesus se gelykenis (Luk 18:13): "O God, wees my, sondaar, genadig." Dink aan die twee gebede aan die kruis! Jesus bid (Luk 23:34): "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Die misdadiger langs Jesus bid tot Hom (Luk 23:42): "Jesus, dink aan my wanneer u in u koninkryk kom."

Die Onse Vader is verder 'n eenvoudige gebed. Dit is sonder opgesmukke en hoogdrawende woorde. Ons gebede wat ons elke dag bid hoef nie ingewikkeld en vol hoë woorde te wees nie. Ons gebede hoef nie 'n bepaalde lengte te hê om goed te wees nie. 'n Egte gebed het niks met lengte of hoë woorde te doen nie. Dit is om diep uit jou opregte en vertrouende hart in gewone woorde met jou Vader in die hemel te praat. Dit is vandag weer jou voorreg.

Sing: Skrifberyming 10-2

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)

~~~~~